COMMISSION ON REGIONS
REF: 1/11/ 20 / 274

# VOORLEGGING: NOORD TRANSVAAL
# KOMMISSIE VIR AFBAKENING VAN STREKE

**VOORGELê DEUR:** Hannes Engelbrecht, redakteur Ellisras Nuus

**ORGANISASIE/RAADPLEGING:**

- soos voorgelê en sonder teenstem aanvaar op 'n openbare vergadering van 350 stemgeregtigde kiesers belê deur die Stadsraad van Ellisras, Woensdag 11 Augustus 1993
- soos bepleit in Ellisras Nuus nommer 198 van 6 Augustus 1993
- soos in breë trekke ooreenstem met die uitsprake en aansprake van die

* Afrikaner Volksfront-vergadering van 28 Augustus 1993 van sowat 1000 stemgeregtigde kiesers van Ellisras
* die Transvaalse Landbou-unie by monde van mnr Willie Lewies (vise-president)
* besluit van die Streekontwikkelingsvereniging vir Streek 44 in Julie 1993

Die voorlegging geskied deur Hannes Engelbrecht, redakteur van Ellisras Nuus, wat die Noordwes Transvaalse gebied met Ellisras as hoofdorp sedert 1984 bedien, en glo dat dit die wense en wil van die gemeenskap verteenwoordig. Alhoewel die voorlegging in breë trekke ooreenstem met die standpunte van die Afrikaner Volksfront, Konserwatiewe Party, Stadsraad van Ellisras, Ellisras Distriksontwikkelingsvereniging, Transvaalse Landbou-unie, en Streeksontwikkelingsvereniging van Streek 44 (Ellisras, Nylstroom, Vaalwater, Warmbad, Thabazimbi) is daar geen sanksie verleen om die voorstel in te dien nie, aangesien geeneen van hierdie organisasies betrokke is by die Onderhandelingsraad nie.

**NOORD TRANSVAAL-STREEK soos aanbeveel deur KOMMISSIE VIR AFBAKENING VAN STREKE (Streek 8):**
Hierdie voorlegging het ten doel om aan te dui dat die inwoners/gemeenskappe van Streek 44 (met spesiale verwysing na Ellisras) nie geneë is daarmee om ingesluit te word in die Noord Transvaalstreek (Streek 8) nie. Sover kennis strek het geeneen van die organisasies wat hulle sedertdien sterk daarteen uitgespreek het, 'n voorlegging aan die Kommissie gedoen nie, en is geen meningopname gedoen nie.

**VOORLEGGING:**

- dat Streek 44 uitgesluit word van die Noord Transvaalstreek;
- dat die streek aansluiting vind of suidwaarts by Pretoria, of weswaarts by die Rustenburg/Brits-streek;
- of dat die streek minstens as 'n sterk substreek erken word wat nie goedsmoeds ondergeskik gestel word aan die taal-, kulturele, godsdienstige- en onderwysbesluite van die Noord Transvaalstreek nie;
- met die veronderstelling dat die streek/gemeenskappe figureer in enige besprekings van 'n Volkstaat soos voorgestaan deur die AVF, AVU, KP ens

..............................................................

# VOORLEGGING

Die voorlegging oor die uitsluiting van Ontwikkelingstreek 44 van Streek Noord Transvaal, word onder die volgende hofies behandel:
OMSKRYWING van die gebied (Ontwikkelingstreek 44)
1. TAALVOORKEURE met spesifieke verwysing na Afrikaans
2. GODSDIENS met spesifieke verwysing na die calvinistiese/protestante leer
3. KULTUUR met verwysing na lewensbeskouing, homogeniteit en politieke voor- en afkeure
4. GEOGRAFIES met die volgende onderafdelings:

- Landbou
- Mynbou/nywerhede
- Sakebedrywighede
- Gemeenskapslewe
- Geskiedenis
- Bevolkingsamestelling
- Lewensvatbaarheid
- Grondbesit

5. LEGITIMITEIT van 'n uitsluiting uit Streek Noord Transvaal
OPSOMMING van voorlegging

**OMSKRYWING:** Die gebied bestaan uit die huidige Ontwikkelingstreek 44 wat insluit die landdrosdistrikte van Ellisras, Vaalwater, Nylstroom, Warmbad en Thabazimbi.
Ellisras as hoofdorp van die Bosveld Plato (Noordwes Transvaal) is tans die streeksentrum vir die gebied met sowat 13 300 Afrikaansprekendes in die onmiddelike omgewing en 18 Staatsdepartemente wat die gebied bedien.
Die hele gebied verteenwoordig sowat 40 000 Afrikaanssprekendes, wat 'n gewone meerderheid in die gebied verteenwoordig teenoor Tswana, Pedi en Noord Sotho. Die enigste nie-Afrikaanse gebiede is relatief klein, soos Bela-Bela, Phakgameng en Marapong.

**1. TAALVOORKEURE:**
**In Streek Noord Transvaal:** In die Noord Transvaalstreek, soos voorgestel deur u Kommissie, is Noord Sotho, Tswana, Venda en Shangaan meerderheidstale, met Afrikaans in 'n swak posisie teen 'n 1:25 verhouding teenoor ander tale. Dit sal die handhawing van Afrikaans vir die inwoners van Streek 44 uiters moeilik maak, veral wanneer 'n streeksadministrasie tot stand kom.
**In voorgestelde gebied:** In Streek 44 is Afrikaans onbetwisbaar die meerderheidstaal (vergelyk laaste Sensusopname). Wat administrasie, onderwys en ander streeksdienste betref, sal die Streek 44-gebied dus grootliks homogeen wees. Konflik en 'n "taalstryd" sal dus uitgeskakel wees.

**2. GODSDIENS:**
**In Streek Noord Transvaal:** Met die Zionist Christian Church waarskynlik die sterkste godsdienstige groep in Noord Transvaal, sal die leerstellinge van die ZCC waarskynlik sterk neerslag vind in die Kommissie se streek. Die leerstellinge van

- die ZCC is egter nie versoenbaar met die calvinistiese/protestantse leer van die Afrikaanse kerke nie. Sou die ANC/SAKP-alliansie die beheer van Noord Transvaal (soos realisties verwag word) oorneem, sal "godsdiens teenoor kommunisme" ook beslis tot strydpunt verhef word.

**In voorgestelde gebied:** In Streek 44 is die calvinistiese/protestantse leer teenwoordig in byna alle Afrikaanse kerke wat daar opereer. Die konflik wat godsdiens kan ontketen (vgl. Ierse Republikeinse Leër ens.) kan nooit geringgeskat word nie. Streek 44 is grootliks homogeen wat kerklike leer betref.

**3. KULTUUR:**

**In Streek Noord Transvaal:** In hierdie streek vind selfs die Kommissie vir Afbakening van Streke dit nodig om te wys op die heterogene samestelling van die streek.

**In voorgestelde gebied:** Die homogeniteit (tot groot mate) van Streek 44 wat kultuur betref, sal lei tot volle uitlewing van die lewensbeskouing van die inwoners van die gebied. Dit moet in gedagte gehou word dat die lewensbeskouing van die gebied se inwoners noodwendig ook neerslag vind in hulle politieke voorkeure en afkeure: so is 79,3% van Ellisras se inwoners byvoorbeeld "regs". Streek 44 omsluit die Waterberg Parlementêre setel en is onbetwisbaar die bakermat van konserwatiewe denke in Suid Afrika. Die Afrikaner Volksfront, Konserwatiewe Party en Afrikaner Weerstandsbeweging is sterk gekonsenteer in die gebied.

Kultureel en polities is 'n indeling van Streek 44 by die Noord Transvaalstreek 'n resep vir 'n onafwendbare burgeroorlog.

**4. GEOGRAFIES:**

Die gebied Streek 44 is afgebaken met bestaande grense van die Noord Transvaalstreek. Die Palalarivier vorm 'n natuurlike grens vir 'n lang gedeelte (by Mokerong in Lebowa) en daar is bestaande grense met Lebowa. Die Limpoporivier vorm die noordwes-grens met Botswana. Die gebied omvat die fisiologiese natuurstreke van die Waterberg Plato, die Bosveldkom en beperkte Laeveld.

**Landbou:** Die landboubedrywighede in Streek 44 (Bosveld Plato) verskil noemenswaardig van die landboubedrywighede in Noord Transvaal. Landbou is aangepas by die klimaat; en waar die Bosveld Plato hom leen tot vee- en wildboerdery verskil dit geheel en al met die landboubedrywighede in Noord Transvaal (Springbokvlakte se saaiboerdery).

**Mynbou/Nywerhede:** Streek 44 beskik in die Bosveld Steenkoolveld oor die grootste steenkoolreserwes in Suid Afrika oor 'n gebied van 80km by 40km. Die Grootegeluk Steenkoolmyn opereer reeds naby Ellisras, en navorsing is reeds gedoen oor die vestiging van 'n petro-chemiese aanleg by die steenkoolveld. Die myne in die Ellisras-Thabazimbi-Northam gebied is losweg georganiseer in die Bosveldmyne, en het weinig, indien enige, aansluiting met myne en nywerhede in Noord Transvaal, maar het eerder gedeelde belange met myne in Boputhatswana en Rustenburg.

Alhoewel die Bosveld Steenkoolveld meer as 50% van die steenkoolreserwes van Suid Afrika huisves, en ondersoeke reeds gedoen is deur Yskor, Bateman, Engen, Sasol en andere, is daar geen kort- of mediumtermyn moontlikhede vir ontwikkeling

nie. Die voorgestelde petro-chemiese aanleg sal byvoorbeeld tussen drie en vyf miljard rand kos en kan nie sonder groot buitelandse insette gerealiseer word nie. Behalwe op die langtermyn kan die Bosveld Steenkoolveld dus geen bydrae lewer tot die ekonomie van Streek Noord Transvaal of werkskepping nie. Die Grootegeluk Steenkoolmyn is byvoorbeeld in sanksietyd ontwikkel as strategiese bedryf, maar enige verdere ontwikkeling sal op finansiële nodigheid geskoei wees. Die Wêreldbank is tans nie geneë om betrokke te raak in Afrikalande nie.
Nywerhede (in mededinging met die "bevryde lande" van die voormalige Ystergordyn) is ook nie lewensvatbaar in die gebied nie.
Die enigste nywerheidsontwikkeling wat dus voorsien kan word, is ondersteunings-nywerhede vir die bestaande mynbedryf - ook hierin vind groter skakeling dus plaas met die Boputhatswana/Rustenburg-gebied as met die Streek Noord Transvaal.

**Sakebedrywighede:** Alhoewel Pietersburg (Streek Noord Transvaal) in die sestigerjare die streeksentrum vir die Streek 44-gebied was, het die skepping van infrastruktuur soos die N1-snelweg, die pad tussen Ellisras en Vaalwater, die pad tussen Ellisras en Thabazimbi, en die pad tussen Thabazimbi en Brits die patroon heeltemaal verander. 'n Gewone verkeerstelling sal aandui dat Pietersburg nie meer as inkopiesentrum vir Streek 44 dien nie, maar dat Pretoria/Brits inderdaad nou daardie rol vervul. Dit is bloot gemakliker en nader vir inwoners van Streek 44 om met Pretoria/Brits aansluiting te vind, en dit het inderdaad ook gebeur.
Behalwe vir Ellisras waar sowat 45 000 Swartmense uit Mokerong, Lebowa pendel as kopers, is daar min wisselwerking tussen Streek 44 en Streek Noord Transvaal. Inwoners van Streek Noord Transvaal beskou die Pietersburg/Potgietersrus-as as hulle belangrikste inkopiesentra.
Ellisras het reeds 'n duur prys betaal vir hierdie natuurlike verandering in inkopiepatroon aangesien 110 besighede (uit perseelruimte vir 250) reeds sedert 1991 hul deure op die dorp gesluit het, en dat oorblywende besighede grootliks op die blanke mark gerig is.
Die natuurlike tendens is dus dat blanke inwoners van Streek 44 eerder Pretoria beskou as inkopiesentrum, terwyl die Swartmense van Streek Noord Transvaal eerder die Pietersburg/Potgietersrus-as as inkopiesentra sien.

**Gemeenskapslewe:** Die "buffer" wat Lebowa tussen Streek 44 en Pietersburg gevorm het, asook die gemakliker toegang tot Pretoria/Brits het ook sy neerslag gevind in die gemeenskapslewe van die gebied se inwoners. So het Tahabzimbi byvoorbeeld al op talle sportterreine onttrek aan Verre Noord en aansluiting gevind by Stellaland, terwyl dieselfde tendens ook op Ellisras waargeneem word. Dit is korrek om te sê dat wat sport en gemeenskapslewe betref Streek 44 nou 'n besliste "Noordwes Transvaal"-identiteit het, eerder as 'n "Verre Noord"-identiteit.
Skole waar daar 'n tradisionele Pietersburg-Ellisras en Nylstroom-Potgietersrus gees geheers het, het byvoorbeeld nou beweeg na 'n Ellisras-Thabazimbi en Nylstroom-Warmbad gees.
Hierdie tendens vind alhoemeer plaas ook op organisatoriese gebied (soos Eldov, die Streekontwikkelingsvereniging, en selfs die Bosveld Streekdiensteraad).
Dit is ook 'n realiteit dat byna geen gesamentlike sosiale- of gemeenskapsstrukture tussen Lebowa en Streek 44 bestaan nie, ten spyte daarvan dat hulle bure is. Ten

spyte van pogings van regeringskant en ander druk en aanmoediging, bestaan daar tans weinig skakeling op enige gemeenskapsterrein.

**Geskiedenis:** Die gebied Streek 44 in sy geheel het 'n historiese homogeniteit. Sover vasgestel kan word het geen grootskaalse bevolkingsverskuiwings plaasgevind wat aansprake tot gevolg sal hê nie. Streek 44 was nooit onder dispuut as byvoorbeeld Lebowa-geadministreerde gebied nie. In realiteit was Streek 44 deel van die Zuid Afrikaanse Republiek, daarna van die Unie van Suid Afrika, en uiteindelik van die RSA sonder enige aansprake van 'n ander oord oor die administrasie daarvan.

**Bevolkingsamestelling:** Anders as in Streek Noord Transvaal sal Afrikaanssprekendes (blankes) nie in 'n 1:25 situasie hulle besondere lewensbeskouing moet probeer handhaaf nie, maar in 'n Streek 44-gebied is die bevolkingsamestelling waarskynlik 1:1 wat handhawing beslis moontlik maak.
NB. Dit moet onthou word dat Afrikaansprekendes (blankes) in Streek 44 *permanente* inwoners is met gevestigde belange en eiendom. Daarteenoor is baie min van die Swart inwoners van Streek 44 permanente inwoners van die gebied. By Ellisras en Thabazimbi word groot getalle gasarbeiders uit ander gebiede (nie noodwendig Lebowa) gehuisves in enkelkwartiere. Honderde (duisende?) Swartmense pendel daagliks uit Mokerong (Lebowa) na Ellisras met Laeveld Busdiens oor 'n afstand van ongeveer 40km.
Plaasarbeiders en huisbediendes het byna sonder uitsondering ook permanente tuistes in Mokerong. Dit sluit ook groot getalle Swart winkelassistente in.
Sover vasgestel kan word is slegs 97 Swart gesinne byvoorbeeld permanente inwoners in die Ellisras munisipale gebied.
Hierdie gegewens (dual-permanensie in Mokerong, Lebowa) word ongelukkig nie weerspieël in die gewone bevolkingsamestelling nie, met die gevolg dat verkeerde afleidings gemaak kan word.
Ellisras bedien sowat 13 300 blankes teenoor 8 400 Swartmense as *permanente* basis (weereens sluit dit huisbediendes en plaasarbeiders in).

**Lewensvatbaarheid:** Alhoewel Streek 44 oor 'n goeie infrastruktuur, mynbou, nywerhede en veral landbou beskik is dit nie werklik lewensvatbaar as 'n aparte entiteit nie - in aansluiting by Rustenburg/Brits en Pretoria word dit egter beslis lewensvatbaar (en selfs lewensvatbaar as Volkstaat soos voorsien deur die AVF en andere)
Streek Noord Transvaal daarenteen, word deur alle rolspelers by die Onderhandelingsraad bestempel as een van die swakste ekonomiese streke in Suid Afrika.
Die *per capita* - belegging van Streek 44 wat dit ook tot groot mate lewensvatbaar maak, is aansienlik hoër as die van Noord Transvaal: weereens 'n potensiële konflikarea sou Streek 44 in Noord Transvaal ingesluit word!

**Grondbesit:** Met uitsondering van drie of vier kleiner Swart munisipale gebiede word die hele Streek 44 hoofsaaklik wettig besit deur Afrikaanssprekende blankes. Daar is dus geen aanspraak vanaf Streek Noord Transvaal wat grondbesit betref nie. Die enigste gronddispuut sover vasgestel kan word was in die sewentigerjare toe Ellisras die "Swart" gebied van Lebowa, Mokerong I, wou insluit en verblank. Die

21 plase wat Mokerong I uitmaak huisves sowat 45 000 mense, en die SA regering het grond aangekoop by Limburg/Gilead vir die verskuiwing van die inwoners om Mokerong I sodoende te verblank. Die verskuiwing het egter nooit gerealiseer nie, en alle aansprake op die 21 plase uit blanke geledere is gestaak. Mokerong I is tans onveranderd deel van Lebowa, en val buitendien buite die gebied bekend as Streek 44. Liburg/Gilead val ook buite Streek 44, sodat die dispuut (wat bowendien nie gerealiseer het nie) gladnie ter sake is by hierdie spesifieke voorlegging nie.

**5. LEGITIMITEIT:**
Die werklike realiteit is dat Streek 44 behoort aan blanke Afrikaansprekendes. Onderwysinstellings wat deur die inwoners daargestel is, voldoen aan die besonderlike behoefte wat betref taal, kultuur en godsdiens van die gemeenskap.
Daar is bestaande grense met Botswana en Lebowa wat eerbiedig word.
Die etiese en morele eise dat administratief ook gehoor gegee word aan die eienaarskap, infrastruktuurskepping en lewensbeskouing van die inwoners van Streek 44 moet eerbiedig word.
'n "Onderdrukking" van Streek 44 teen 'n getalleverhouding van 1:25 in Noord Transvaal wat betref taal, godsdiens, kultuur en lewensbeskouing, sal 'n skending wees van vryheid van assosiasie, spraak en denke.

## OPSOMMING

Deur die Streek 44-gebied in te sluit in Streek Noord Transvaal teen 'n getalleoorwig van 1:25, word die konflikpotensiaal op:

politieke
maatskaplike
ekonomiese
kulturele
godsdienstige
taal

en lewensbeskouingssfere verhoog tot 'n mate waar geen blywende vrede in 'n Nuwe Suid Afrika sal heers nie. Die potensiaal vir konflik kom oor te veel lewenssfere voor om dit te ignoreer. Selfs indien 'n brose vrede gehandhaaf sal kan word, sal inwoners van Streek 44 noodwendig, om hulle bedingingsvermoë te versterk "lydelike aksies" neem soos afdanking van Swart gasarbeiders, huisbediendes, winkelassistente en plaasarbeiders.

Die potensiaal van gewapende verset (geweld) word myns insiens heeltemaal te geringgeskat in die afbakening van streke. Baie oorloë is al gevoer oor baie kleiner verskilpunte as taal, godsdiens en kultuur. Vir die Kommissie vir Afbakening van Streke se eie informasie oor die konflikpotensiaal in die gebied, kan geskakel word met die Departement van Verdediging oor die aansluiting van honderde (duisende?) inwoners van Ellisras by die Magol Kommando op Dinsdag 7 September nadat oproepe daartoe gedoen is deur die Afrikaner Volksfront en leidende regse figure op die dorp. Hierdie groot getalle nuwe kommandolede is weliswaar nou in 'n gestruktureerde SA Weermagsituasie, maar die feit is dat talle vroue ook aangesluit het vir primêr skietoefeninge. Dit is belangrik om daarop te let dat vorige werwingspogings vir die Magol Kommando (nie eens gedurende die Totale

Aanslag-era) suksesvol was nie - waarom nou, na die oproep van regse gemeenskapsleiers, was daar skielik 'n toeloop op 7 September 1993?

Deur Streek 44 as afsonderlike entiteit te erken word al hierdie konflikpotensiaal geneutraliseer op 'n natuurlike en aanvaarbare wyse, en word 'n meganisme geskep wat inderdaad sal lei tot sterker buurmanskap, wedersydse hulp en veral gemoedsrus tussen Noord Transvaal en Streek 44.

Indien gehoor gegee word aan hierdie voorlegging oor die Streek 44-gebied, word verskillende opsies dadelik moontlik:

1. 'n lewenskragtige en vreedsame substreek binne 'n eenheidstaat;
2. of 'n lewenskragtige en vreedsame deelstaat binne 'n federale bestel;
3. verkieslik 'n streek wat deur aansluiting met Pretoria, Rustenburg/Brits, Noordwesstreek, Pietersburg/Potgietersrus-as, Oos Transvaal deel kan vorm van 'n blanke Volkstaat.

Aldrie hierdie opsies sal dadelik verval indien Streek 44 lukraak opgeneem word in Streek Noord Transvaal.

Vir behoud van identiteit, gevestigde belange, vrede en gemoedsrus, maksimale vryheid, selfbeskikking, en ekonomiese groei is dit uiters belangrik dat Streek 44 as afsonderlike streek naas Noord Transvaal erken word. Meer nog - dit bevat al die belangrikste elemente van al die grootste politieke rolspelers in Suid Afrika se standpunte, en is versoenbaar met alle bekende staatsvorme.

..........................................

HANNES ENGELBRECHT
Redakteur: Ellisras Nuus
Posbus 336, Ellisras 0555
Tel (01536) 33152/32750

Dr Renosi Mokate (Tegniese Sekretaris)
Kommissie vir die Afbakening van Streke
Posbus 307
ISANDO 1600